WAAROM?

. . .?. . .Dankie.

Kom ons buig ons hoofde net ’n oomblik vir gebed.

2 Ons Hemelse Vader, soos ons vanaand U troon van genade nader, kom ons in daardie algenoegsame Naam van die Here Jesus met die blye versekering, wat Hy ons gegee het, dat ons verhoor sou word, en ons gebede aandag sou geniet. Ons wil eers vergifnis vra vir ons sondes en die sondes van die mense. En ons wil weer vra dat U seëninge sou voortgaan om onder ons bekendgemaak te word, dat U Naam geëer mag word.

3 Seën die woorde wat in beide lied en preek, getuienis, gesê word, of wat ook al gedoen mag word. Genees die siekes, red dié wat verlore is, gee die Heilige Gees aan hulle wat honger en dors. En mag hierdie ’n aand wees wat lank onthou word as gevolg van U Teenwoordigheid. Ons vra dit, in Jesus’ Naam. Amen.

4 Kan maar sit. Ek het nou die oggend by die ontbyt gesê: “Ek is altyd net ’n bietjie laat.” En ek het, nie lank gelede nie, by ’n Verenigde Broers kerk gepreek, en ek was, het omtrent ’n uur laat ingekom, en so het die prediker gesê: “Ek sal nou die oorlede [Eng. “late” (laat)—Vert.] Broer Branham bekendstel.”

5 Ek het gesê: “Wel, ek was nog altyd ’n bietjie laat. My ma het gesê ek was ’n volle nege-maande baba, toe gelyk of ek nie genoeg tyd gehad het nie, ek het net vyf pond geweeg. En toe ek getroud is, was ek . . . het sy omtrent ’n uur vir my gewag. Ek het die hele ding opgehou tot ek ’n hospitaalbesoek gemaak en teruggekom het. En as ek nou net kan laat wees vir my begrafnis, dis die volgende ding, as ek dit nou net ’n bietjie kan uitstel, ek wil nie hê dit moet te vinnig kom nie, so, ek wil bly en die Here dien.”

6 Dis goed om hier te wees en om weer hierdie goeie gehoor mense hier te hê, vanaand. Ek dink môre-oggend is daar, vir julle wat bo rondom Los Angeles woon, ’n Christen Sakemansontbyt môre-oggend. Ek glo hulle hou dit nog by die Clifton se Kafeteria, en ek hoop om môre-oggend daar te wees.

7 Ek het uitgevind Broer Shakarian was baie siek. [’n Broer sê: “Hy gaan daar wees.”—Red.] Hy gaan daar wees? Wel, dis goed. Broer Demos Shakarian, ’n—’n persoonlike broer, goeie vriend van my. Ek’s jammer om daarvan te hoor. Ek het gehoor hy het ’n bietjie siek geword, maar het nie geweet dat hy so siek was soos hy was, net afgebreek geraak het nie. Ek het twee jaar gelede vir hom gesê hy moet net ’n bietjie stadiger gaan, hy het teruggekyk, gesê: “Doen wat jy sê.” En so . . .

8 Ek onthou die laaste keer hier, toe Raymond Richey my aan die broekspyp gevang het terwyl ons in die kerk ingekom het, hieronder in Los Angeles, nee, verskoon my, in Long Beach, ons het by die ouditorium ingegaan die aand. En Raymond is 'n persoonlike vriend van my, en hy het 'n ineenstorting gehad, hy was in 'n verskriklike toestand. En hy het gesê: "Broer Branham, moenie te lank aangaan nie." Hy het net pas van Korea af teruggekom. Raymond, raak ook al 'n bietjie ver in die pad af, julle weet. Hy het gesê: "Jy sal jouself doodmaak." En toe gesê: "Kyk in watter toestand is ek nou."

9 En ek het soortgelyke ondervindings gehad, so ek weet wat dit is. En ek het soveel gesien wat gedoen moes word, tog jy . . . lyk dit of jy nie genoeg tyd het om dit te doen nie, en dit maak jou senuweeagtig. So ek hoop net die Here vergewe my, dat my ywer nie groter as my wysheid sal wees nie, Hy my wysheid sal gee om te weet hoe om my ywer te hanteer, liewer.

10 Dis lekker om vanaand hier te wees, ook saam met julle broers, hieragter, op hierdie tyd, Les Kopp en al julle broers. So lekker, hierdie mooi gehoor hier, ek's net so bly om die . . . hierdie dienste te sien, lyk of almal net eengesind en eendragtig is, lyk of enigiets kon gebeur. En die laaste paar dienste was so, en ek's net so dankbaar teenoor die Here.

11 Solank hulle so voortgaan, voel ek dat ek net 'n tydjie kan aangaan. Wanneer . . . Dis wanneer jy daardie kruisvuur trotseer, dis wanneer dit erg is, julle weet, en—en geen eensgesindheid, en, maar hier was dit net een yslike groot broederskap. Alles, ons is net so dankbaar daarvoor, mag die Here voortgaan.

12 Nou, ons besef dat ons nie die versierings op die dienste het wat ons die eerste keer gehad het nie. Gewoonlik as 'n herlewing uitbreek, hou dit, volgens die geskiedenis, omtrent vir drie jaar. 'n Prediker gee gewoonlik sy beste binne drie jaar, daarna lewe hy op sy reputasie van wat hy in daardie drie jaar gemaak het. Ek is so bly ek het myne op die Woord geplaas. Dis reg. Sodat ek volgens die Woord kan lewe.

13 Ek glo net hierdie geseënde ou Bybel, ek dink net Dit is die beste Ding, en ek dink Dit—Dit is God. Die Woord is God in lettervorm. En wanneer die Heilige Gees oplyn Daarmee, laat Dit Dit net Lewe.

14 Ek het met iemand gepraat . . . Ons het privaat onderhoude gehad, en dis waar jy moet . . . Ons . . . Terloops, ek dink daar was driehonderd op die lys gewees by die huis, toe ons weg is, wat gewag het vir daardie privaat onderhoude. Ons gaan in saam met die mense, trek net die gordyne toe, en ons bly daar tot, ons bid tot die Here met 'n visioen openbaar wat om te doen. Nou, ons weet die Woord van die Here sê vir ons, en lê die program uit, maar daar's partymaal dat daar dinge in 'n persoon se lewe is, dat hulle net nie weet wat om te doen nie. En dis waar ons voor

die Here bly tot dit beantwoord word. En dan kom ons by hierdie onderhoude, soos wat ons hiernatoe kom, die mense in hierdie distrik, party van hulle het miskien, al vier of vyf jaar, vir hierdie onderhoude gewag.

15 En ons het gepraat, ek dink dit was gister, of vanmôre, een, dat oor die skyn van die Lig in die laaste dae. Nou, ek het nie gepreek nie, want ek is net hier om vir die siekes te bid, en om my net by my broers te voeg en te trek. Maar ek glo waarlik dat ons in die laaste dae lewe, dis reg aan die endtyd.

16 Ek sou graag 'n—'n groep soos hierdie wou neem, 'n eensgesindheid van gees en hart, en ek wens ons het omtrent—omtrent twee of drie weke gehad wat ons net mee kon begin, middagdienste hou, en oggenddienste, en aanddienste, en net die Bybel bring soos ons Dit sien.

17 En ek was so dankbaar. Daar's 'n Griekse geleerde wat agter my sit, en ek was nou die dag by hom. Die man is van Griekeland, sy vader is 'n bekende prediker in Griekeland, en hy kry my bandopnames. En hy het gesê: "Broer Branham, ek het gedink jy is 'n Griekse geleerde."

Ek het gesê: "Ek ken nie eers goeie Engels nie, wat nog van een Griekse woord."

18 Hy het gesê: "Maar deur jou selfstandige naamwoorde, bywoorde te bring, en alles in jou onderrigting op jou bandopnames," sê: "kan ek 'n lyn soos *hierdie* trek, en dit verdeel dit perfek en stem presies ooreen met die Grieks."

19 En ek het gesê: "Wel, ek is dankbaar daarvoor, want ek voel altyd gelei deur die Heilige Gees om te sê wat ek sê. En dit . . . Ek . . . As dit enigiets teenstrydig met die Bybel gesê het, dan sou ek dit nie glo nie, sien, sou ek nie glo dit was die Heilige Gees nie, want Dit sal altyd in die Bybel bly, die Heilige Gees sal."

20 En ons het van hierdie vroutjie gepraat van wie ek, vanmiddag, vanmôre, glo ek was dit, dat ons gepraat het van die vroutjie waarvan ek gepraat het, die ontugtige enetjie wat uitgekom het na die put by Sigar, en sy die Here Jesus gesien het, en Hom nie herken het nie, tog sou sy een van Sy dissipels word.

21 Nou, ek het 'n snaakse Doktrinetjie, en nou, as dit nie presies met joune saamstem nie, maak maar soos ek maak wanneer ek gebraaide hoender by jou huis eet, ek is net lief vir gebraaide hoender, en wanneer ek 'n been kry, hou ek nie op hoender eet nie, ek gooi net die been weg, en hou aan hoender eet. So nou, glo julle dieselfde ding.

22 Nou, ek glo dat die Kerk se Naam op die Lam se Boek van die Lewe geplaas is voor die grondlegging van die wêreld, toe, voor die Lam geslag is, want die Bybel het gesê die antichris sou almal mislei wat op die aarde was wie se name nie geskryf is in die Lam

se Boek van die Lewe, wat geslag is voor die grondlegging van die wêreld, nie. Ek glo die oneindige God het, deur Sy voorkennis, die Kerk gesien.

23 Nou, ek weet dis 'n gevoelige saak, en onthou, daar's 'n waarheid daaraan, ek glo dit nie op die manier wat baie glo nie, maar ek glo dat daar is, dat God, deur voorkennis, die einde van die begin af kon ken, want Hy is die oneindige God. Nou, of ek deel is van daardie Kerk, ek hoop ek is, ek werk net my eie heil uit met vrees en bewing, deur net in die Woord te bly. Wanneer, as ek buitekant Dit gaan, dan bid ek dat ek weer sal teruggaan Daarin.

24 En so toe daardie, dis nie 'n goeie woord om te gebruik nie, sien, maar toe daardie voorbestemde Saad in daardie vroutjie gelê het, wat geglo, dopgehou het, tog in haar sondige toestand, het sy dopgehou vir 'n koms van 'n Messias. Die kerkorde van daardie dag was so, amper soos dit vandag is. Sy—sy sou liewer lewe soos sy gelewe het, en, want sy het die belaglikheid gesien van hoe die mense, wat bely het om godsdienstig te wees, en niks anders as 'n klomp skynheiligheid was nie. En ek sê dit nie om ontheiligend te wees nie, ek sê dit met eerlikheid, en opregtheid in my hart, en liefde vir almal.

25 En toe, toe daardie . . . toe . . . Sy het daar gestaan en wag om te sien wat die antwoord van daardie Man was toe sy gesê het: "Dis nie gebruiklik," sy het toe in die tradisie ingegaan, van die oudstes: "vir julle Jode om Samaritaan, vir my, 'n vrou van Samaria so—so-iets te vra, of enigiets mee te doen te hê nie."

26 Hy het gesê: "Maar as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het." Toe het die vraag opgekom, en Jesus het gesê: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

27 Hy het gesê: "Jy het reg gesê, want jy het vyf gehad, en die een saam met wie jy nou lewe, is nie jou man nie." Vinnig, kyk, daar was daardie voorbestemde Saad tot die Ewige Lewe. "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom. Niemand kan kom, as Hy nie roep nie." Sien? "Almal wat die Vader vir My gegee het," verlede tyd: "sal kom."

28 En toe daardie Lig oor daardie voorbestemde Saad geflits het, vinnig, nie soos daardie opgeleide geleerdes, wat daar oorkant gestaan en kritiseer het nie, hulle het gedink hulle was in daardie Groep, maar hulle was nie, hulle het Hom Beëlsebub genoem, maar sodra Hy daardie voorbestemde Saad getref het, daardie Lig daaroor geflits het, het sy gesê: "Meneer," Dit het begin Lewe, sien, het Dit lewendig gemaak: "Ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet dat die Messias, wanneer Hy kom, Hy hierdie soort werk sal doen."

29 Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." O, goeiste! Dit het dit afgehandel. Sien? Wat? "Almal wat die Vader My gegee

het . . . ” Ons saai net sade, God laat hulle vestig waar Hy wil. Party val langs die pad; party kom op in dorings vir ’n paar dae, en distels verstrengel hulle ensovoorts, en ander gaan in die regte plek in. Ek weet nie waar hulle is nie, ons saai hulle net.

30 Dankie. God seën julle. Kom ons lees nou die Woord. Nou wil ek, as dit reg sal wees, die geleentheid vanaand neem, om net soort van ’n bietjie te onderrig, niks buitengewoon nie, net bietjie onderrig. En miskien Sondagmiddag, as die Here wil, wil ek graag ’n boodskappie onderrig vir die kerk, as die Here sal toelaat.

31 So mooi van hierdie broers hier wat my gesê het: “Broer Branham, as die . . . ” Mooi brief en hulle het dit almal onderteken. “Ons sit jou op die preekstoel, preek wat op jou hart is.” Ek . . . dis . . . Ek kan nie meer vryheid as dit hê nie. En so, ek—ek’s baie dankbaar vir ’n groep mans, predikers, herders. En ek . . .

32 Predikers is meestal agterdogtig, want (Hulle het ’n reg om te wees.) hulle is herders en hulle wil weet wat hulle kudde eet, dis reg. Hulle behoort te weet. En ’n man wat waardigheid en eer het, sal niks doen om enigiemand of enige kudde seer te maak nie, hy sal altyd probeer om dit vitamine te gee, ten minste, dit in die—in die kudde in te gee. So miskien sal die Here ons vitamine gee met dieselfde Woorde wat ons baiekeer gehoor het.

33 Kom ons blaai, vanaand, na die Tweede Boek van Konings en net ’n gedeelte van die Skrif lees. [II Konings 1:1-8—Red.]

> *En Moab het na die dood van Agab, van Israel afvallig geword.*
>
> *En Ahásia het deur* die *tralievenster in* die *bokamer, in Samaria, geval en siek geword: Toe stuur hy boodskappers uit, en sê vir hulle, Gaan, raadpleeg Baäl-sebub, die god van Ekron, of ek van hierdie siekte gesond sal word.*
>
> *Maar die engel van die* HERE, *het* vir *Elía, die Tisbiet, gesê, Maak jou klaar,* en *gaan . . . die boodskappers van die koning van Samaria tegemoet, en spreek met hulle, Gaan julle, omdat daar geen God in Israel is nie, dat* julle *Baäl-sebub, die god van Ekron, te raadpleeg?*
>
> *Nou* daarom dan, *so sê die* HERE, *Van daardie bed wat jy opgeklim* het, *sal jy nie afkom nie, want jy sal skerlik sterwe. En Elía het gegaan.*
>
> *En toe die boodskappers by hom terugkom, sê hy vir hulle, Waarom kom julle nou terug?*
>
> *En hulle antwoord hom: ’n Man het opgekom ons tegemoet en aan* hierdie *gesê, Gaan terug na die koning toe wat julle gestuur het, en spreek met hom, So sê die* HERE, *Stuur jy, omdat daar geen God in Israel is nie, om*

Baäl-sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? daarom sal jy van die bed wat jy op geklim het, nie afkom nie, want jy sal *sekerlik sterwe.*

Daarop sê hy vir hulle, Hoe was die voorkoms van die man wat opgekom het julle. . . *moet en hierdie woorde met* julle *gespreek het?*

En hulle antwoord hom: 'n Man met 'n *harige mantel*. . . gegord *met 'n leergord om sy heupe. Toe sê hy, Dit is Elía, die Tisbiet.*

34 Nou, in Jeremia vir 'n teks, as ek dit sou noem, in Jeremia die 8ste hoofstuk en die 22ste vers:

Is daar geen balsem in Gílead nie; of is daar geen geneesheer nie? want waarom het die genesing van die dogter van my volk nie tot stand gekom nie?

35 En ek wil graag die onderwerp neem, as ek dit so sou noem, die teks, liewer, as die klein woordjie van *Waarom?* W-a-a-r-o-m. *Waarom?*

36 En ek hoop nie ek is te hard daaragter nie, as die ingenieur hiervan dit soort van sal beheer. Hulle het 'n jukkie om my nek hier vanaand, wat, so ek—ek hoop nie ek raak te hard nie. En dis goed vir my growwe stem.

37 Wanneer God 'n ontsnappingsroete vir die mense maak, en die mense weier daardie ontsnapping, dan vra God die vraag: "Waarom?" Ek dink Hy het die reg. As God alles doen wat Hy kan vir die mense, en die mense weier om Sy hulp te aanvaar, dan het Hy 'n reg om te vra waarom hulle dit nie gedoen het nie.

38 Ek glo dit sal so wees by die Oordeel. Wanneer God elke voorbereiding getref het wat getref kon word vir die Kerk en vir die mense en hulle dit dan weier, gaan God vir ons vra waarom ons dit nie ontvang het nie, ek glo dit.

39 Nou, ons vind dat hierdie Ahásia, die seun van Agab en Isébel was, hy het uit 'n vervloekte familie gekom. En wanneer jy 'n familie neem wat hulle kinders in die verkeerde atmosfeer grootmaak, kan jy kwalik enigiets anders verwag.

40 Nou, Israel was 'n volk omtrent soos hierdie volk, dit het dieselfde foute gemaak wat hierdie volk gemaak het. En ons vind dat Israel opgekom het uit Egipte en die inwoners uit die land verdryf het en die land in besit geneem het, dieselfde soos wat ons gekom en 'n oase gesoek het, en die inboorlinge hier teruggedryf en die land in besit geneem het. Israel het die guns van God gehad, ons glo ons pelgrimvaders het ook gehad. Israel het, in hulle vroeë fases, 'n paar groot manne opgelewer, wel, hulle het byvoorbeeld vir Dawid, Salomo, Josua gehad, groot manne, en ons het 'n Washington, Lincoln, en 'n. . . groot manne gehad.

41 Maar uiteindelik, het Israel, in sy politiek, omvorm en 'n afvallige op die troon gekry, Agab, 'n halfpad gelowige, louwarm

kerklidmaat. En Agab was nie so 'n—'n vabond soos wat sy vrou was nie. Sy was die een wat Agab net kon hanteer, in enige rigting wat sy hom in wou laat gaan, het sy gedoen.

42 En julle hoef nie baie geestelik te wees om te verstaan waarvan ek praat nie. Dis die stelsel daaragter. Maar in daardie dag het hulle 'n profeet gehad, en sy naam was Elía, en hy was 'n vreeslose, goddelike man.

43 En ek dink baie van julle filantropiese Demokrate wat julle geboorteregte uitverkoop het aan politiek, om so 'n bose ding ding te doen soos wat julle gedoen het, God wees julle genadig. Ja, meneer. Eendag het hierdie volk daardie ou ding geken, maar sy het dit vergeet. Sy het uitverkoop, omdat die kerk louwarm geraak het en God verlaat het. Dis presies.

Ek beter dit uitlos, want ek het gesê ek gaan nie hieroor preek nie. Nou, soos ons aangaan, maar julle weet wat ek dink.

44 Let op, maar op daardie selfde dag, het God 'n magtige een in die land ingestuur, net voor daar 'n plaag gekom het wat die land uitgevee het, en God bewys is.

45 Nou, tydens hierdie, na Agab se dood, het sy seun sy plek ingeneem, en, Hiskia, en hy het in Samaria regeer. En eendag, toe hy buite op die traliewerk geloop het, het hy deurgeval en een of ander siekte het op die plek begin waar hy seergekry het. En nou, in plaas van om te volg, soos die voorvaders het, om God daaroor te raadpleeg, het hy gestuur na die afgod, Beël-Sebub.

46 Dis 'n vreemde ding dat 'n man, wat veronderstel is om 'n Israeliet te wees, so-iets soos dit sou raadpleeg, in plaas van om terug te gaan na die einste God wat hulle oorgebring het na daardie land en dit vir hulle gegee het. Omdat hy die mode van die dag probeer volg het, en agter sy pa en ma aan.

47 Dis wat gebeur het in die kerke vandag, te veel. Ons het wegbeweeg van die geestelike beginsels waarvoor hierdie volk staan en opgekom in politiek, en unie, en lekker tyd, en maagvol, en 'n nuwe kar, en nuwe huise, en—en weggekom van die regte beginsels van dinge, en die regte beginsels van Christelikheid.

48 Dis baie jammer dat ons hierdie dinge moet sê, maar iemand moet dit sê, en dit moet gebeur. Ons moet reguit, en eerlik, en opreg wees. En julle het nie geestelike uitleg nodig nie, want dis reg voor julle oë, julle kan dit sien.

49 Maar ons het, soos hulle in daardie dae het, ons geboorteregte verkoop vir 'n pot sop, en ons gaan maai presies wat ons gesaai het. En dis nou klaar verby, en die herlewing wat ons gehad het wat deur die land getrek het, dit het uitgebrand tot 'n smeulende vlam hier en daar, of iets. Ons wil dit nie glo nie, maar dis die waarheid. Dis reg.

50 En ons het uitgegaan en 'n klomp groot denominasionele sade gesaai, en toe die Gees geval het, wat het ons gemaai? 'n

Denominasionele oes. As ons die Woord van God gesaai het, sou ons 'n Kerk van God gemaai het, as ons dit sou gedoen het, maar ons het afgegaan na die verkeerde kant.

51 Die reën kom op die aarde om dit te benat. En as die... Watter soort saad ook al in die land is, dis wat dit voortbring. Dis reg. En so dieselfde Heilige Gees wat die Kerk van die lewende God voortbring, bring ook die onkruide, die *denominasioneles* voort. Maar julle het gesien wat ons geoes het: "Nog 'n miljoen in '44," vir Baptiste, ensovoorts en verder aan. En dis wat ons geoes het, net presies wat ons gesaai het. Dit gaan altyd so wees.

52 En Israel het, net gemaai wat sy gesaai het. En hierdie jong kêrel het nou ingekom om oor te neem. En in plaas van om ondertoe te stuur en God te soek, vir die mense wat daar gekom het van hierdie groot ekonomie wat God hulle gegee het, het hy gestuur na 'n, die gewilde afgod van die dag, die Beël-Sebub, die gewilde godsdiens van die mense; net 'n paar het die Fakkel vasgehou.

53 En Elía was die groot profeet van daardie dag. En hy het vergeet van Elía, hy het nie van Elía gehou nie, want Elía sou vir hom gesê het waar hy gestaan het. Daarom, wil hulle nie geweet het wat die waarheid is nie, hulle sal liewer hierdie ander weg kies, en besef nie dat jy presies gaan maai wat jy saai nie. Dis 'n wet van die natuur, jy doen dit; dis 'n wet van die Gees, jy moet dit beslis doen.

54 Nou, maar julle weet, God openbaar Sy geheime aan Sy profete. Die Bybel het gesê, daar in Amos: "God sal sekerlik niks doen, tensy Hy aan Sy profete openbaar nie."

55 En toe, toe hierdie boodskappers oppad was om die priester te ontmoet en by Baäl-Sebub die toestand van hulle koning te gaan uitvind, en wat die uiteinde sou wees, wou hulle nie God se weg neem om op te lyn met God se Woord, om op te lyn met God se manier van dinge doen nie, hulle wou op enige manier lewe wat hulle wou en steeds godsdienstig wees.

56 En dis waarby die, hierdie volk vandag gekom het. Dit wil net nie oplyn met God nie, dit wil lewe op enige manier wat dit wil, maar dit wil godsdienstig wees, so dit sal die maklikste uitweg kies, dit kies dit altyd. Water bereik, altyd, sy vlak. Nou, hulle het 'n ander arm gehad om op te leun, hulle het nie meer vir Jehova nodig gehad nie. Hulle wou nie daardie streng weg hê nie, hulle wou lewe volgens hulle eie wellustigheid en hulle eie modes, en tog kon hulle godsdienstig wees.

57 Maar onthou, ver daaronder in daardie grot, het 'n ou harige man teruggetrek, wat gelyk het na 'n haarwurm daar agterin, maar onder daardie bruin velletjie en maer armpies, het die hart geklop waarin God gewoon het.

58 Hy het gesê: "Elía, staan op en gaan soontoe hulle tegemoet." O, goeiste! Wat ons vandag nodig het, is nog 'n Elía, nie bang om

die Waarheid te vertel nie. Soontoe gegaan en in die pad gestaan, stuk skaapvel, of leer, om sy heupe *hier* om hom omgord, en daar het hy gestaan, die baard oraloor sy gesig.

59 En—en ek reken hy het nie elke aand gebad, en sy vurke en messe gebruik soos ons dit hier in Hollywood doen, en blinkvryf soos ons dit doen nie, maar tog was God met hom, God was in hom. Ons lê soveel klem op die tradisies van die dag.

60 Nou, let ons op, hy het in die pad gestaan toe hierdie boodskappers gekom het, en hy het gesê: '"Is dit omdat. . .' Gaan sê vir hom: 'Is dit omdat daar geen God in Israel is nie? Is daar geen profeet hier nie? Is dit die rede?'" O, daar was 'n God, en daar was 'n profeet! Maar dit was die koning se eie hardkoppigheid, hy wou nie oplyn met God en Sy profeet nie. En dis hoekom die koning die maklikste uitweg gesoek het uit hierdie dinge uit. Hy het gesê: "Is dit omdat daar geen profeet is, daar geen God in Israel is nie? Daar geen ander is, daar geen manier is om dit te kry nie?"

61 Ek wonder, vandag, dat dit vandag is dat ons gemak soek. Ons het pas verloor. . . 'n paar vakansiedae gehad. Mense gaan uit en raak dronk op daardie vakansiedae, hulle is Sondagskoolonderwysers, kerklidmate, koorlede, gaan uit en drink en rinkink, hulle dobbel, en—en die mense lewe net soos hulle wil, en tog behoort hulle aan die hoogste kerke wat daar in die stad is, van die hoogste ordes van hierdie intellektuele kerklike stelsel, wat hierdie land domineer, wat daar is.

62 En wonder: "Waarom? Waarom kom hulle nie?" Hulle soek na genot, hulle soek na vrede, hulle vervang, die duiwel vervang met sulke rumoerige dinge soos daardie, die plek van 'n regte goeie, Gees-vervulde ondervinding, waar die vreugde van die Here op hulle kan kom en hulle vrede en rus gee.

63 Hulle is groter liefhebbers van die genot van die wêreld as wat hulle liefhebbers van die Koninkryk van God is, hulle lewens bewys dit. Dis presies. Wat hulle lewe, bewys dit. Daar's geen verskil in hulle, skynbaar, wie 'n gelowige is en wie nie is nie, praat met hulle, hulle vertel net sulke vuil grappe, en hulle het hulle verenigings ensovoorts, en gaan net so aan soos die res van die wêreld.

64 Ek het oorkant die pad gebly van 'n—'n groot pastorie van 'n groot orde van Christenmense, soos hulle hulleself noem, en elke Saterdagaand op die vloer van die pastorie, wel, jy het nog nooit so 'n aanganery gehoor, en heupswaai, en ruk-en-rolle, en boegie-woegie, en al daardie goddelose goed, en aanganery nie! En dan op Sondagoggend kerk toe gaan met 'n vrome kyk op hulle gesig.

65 Broer, wanneer die Heilige Gees in 'n lewe inkom, verander Dit daardie lewe van die onderkant van sy voete tot die bopunt

van sy kop. En die hartseer deel, dit sluip in ons Pinkster-organisasies in. Dit kom daar in omdat, net soos dit altyd was . . .

66 Toe Israel gesien het die ander volke het 'n koning, en hulle wou maak soos die ander volke. Die ou profeet, Samuel, het na hulle toe gekom, en hy het gesê: "Julle moe- . . . julle is 'n ander volk, julle moenie soos hulle wees nie, God is julle Koning." Hy het gesê: "Het ek ooit vir julle enigiets vertel in die Naam van die Here, wat nie gebeur het nie? Het ek julle ooit vir julle geld gesmeek, of julle finansies gevat, ensovoorts, om groot eerbare monumente en enigiets anders te bou?"

67 Hulle moes sê dat hy nie het nie. Hy het gesê: "Luister dan na my." En hy het die Woord van die Here gehad. Maar die mense moes erken dat alles wat hy gesê het, die Woord van die Here was, en dit gebeur het net soos hy gesê het dit sou gebeur, maar tog wou die mense lyk soos die res van die mense.

Dis hoe dit vandag is, dat die kerke probeer om die ander kerke na te volg, Christus is ons Patroon. So presies dit.

68 Nou, hulle wou dit nie hê nie, hulle wou nie die Boodskap hê nie. Wat as daardie koning homself sou verneder? Wat as hy sou afkom na die . . . verneder was, en teruggegaan het na God toe en bely het? Ek glo die man sou gelewe het, ek glo Elía sou na hom toe gekom het met die Woord van die Here, en die man sou gelewe het, maar hy het sy hart verhard en wou nie na die Here luister nie.

69 En Elía het gesê: "Gaan vra vir hom: 'Is dit omdat daar geen—geen God in Israel is nie? Hy geen profeet het nie?'" Nee, Hy het 'n profeet gehad. Hy het . . . Daar was 'n God, maar die koning wou Dit nie hê nie, en dis wat dit vandag is.

70 Dis net soos 'n—'n pasiënt wat op die dokter se drumpel sit, en sterf terwyl hy op die drumpel sit, omdat hy te hardkoppig is om in te gaan en die medisyne te neem wat die dokter vir hom het. Presies, sterf op die trap van die dokter, sit daarbuite, en die dokter sê: "Ek het die geneesmiddel vir jou siekte," maar hy's net te hardkoppig om in te gaan en dit te neem.

71 Dis die gevaarlike ding, 'n—'n ou kan sterf, en hy sou sterf, terwyl hy daar sit, terwyl daar baie medisyne is, hulle het 'n toksiene daarvoor, maar hulle . . . hy sal dit nie neem nie, hy's net te hardkoppig. Wel dan, kan jy nie die dokter blameer nie, en jy kan nie die medisyne blameer nie, dis die man, hy's die een.

72 So is dit vandag, mans en vroue sal in die kerk sit, in die kerkbank, en die onvervalste Evangelie, en die krag van die Heilige Gees hoor, en die manifestasies en die demonstrasies van Sy Gees sien, van 'n lewende, herrese Christus, en sterf in sonde, terwyl hulle in die kerkbank sit. Nie omdat daar geen balsem is nie, nie omdat daar geen geneesheer is nie, maar dis omdat die mense te hardkoppig is om die medisyne te neem, probeer om die

weg van die minste weerstand te vind, die pad van die wêreld volg, omkom in die teëspraak van Korag.

73 Julle weet wat Korag gedoen het. Dis altyd die leiers wat die mense deurmekaar maak, en dat hulle omgekom het in die teëspraak van Korag, sekerlik.

74 Moenie die dokter blameer nie, moenie die medisyne blameer nie, dis jy wat blameer moet word. As die dokter die geneesmiddel het, en hy het baie daarvan, hy nooi jou uit om te kom en jy wil nie kom nie, dan is dit nie die dokter se skuld nie, dit is ook nie die medisyne se skuld nie, dis jou skuld, want jy wil nie die medisyne neem nie. Dis reg.

75 En mense sit in die kerke, sterf in die bank sonder om God te ken, sonder om die Heilige Gees te ontvang, omdat hulle dink hulle sal sommige dinge van die wêreld moet opgee. Hulle sal liewer aan 'n kerk behoort wat 'n hoër naam het, of wat hulle dink, 'n bietjie meer aansien het.

76 Kan julle ooit besef dat God se weg is, net 'n paar daardie weg volg? En hulle word verag en verwerp omdat hulle nie van die wêreld is nie, hulle is van God, 'n vreemde volk, 'n koninklike priesterdom, wat geestelike offers bring, wat die vrug van die lippe is wat God prys. Amen.

77 Dokter se medisynes, julle weet daar was 'n tyd wat hulle nie enige teengif gehad het vir iets soos waterpokkies nie, duisende het jaarliks gesterf aan waterpokkies. Hulle het nie 'n witseerkeel teengif gehad nie, en duisende het elke jaar gesterf met gifstof, of, sonder om enige teengif te hê, het hulle aan witseerkeel gesterf. Maar nou het hulle teengif, het hulle 'n entstof vir daardie dinge.

78 En hoe kry 'n dokter in elk geval ooit hierdie medisyne in die hande? Wat, hoe doen hulle—hoe doen hulle dit ooit? Weet julle wat hulle doen? Hulle gooi 'n klomp goed bymekaar, 'n bietjie gif, en dan bietjie teengif, meng dit tot hulle 'n formule meng. En dan kry hulle 'n—kry hulle 'n proefkonyn, en hulle spuit hierdie medisyne in die proefkonyn in, as hy dit oorleef, dan gee hulle dit vir jou. En dan . . . en as dit . . .

79 Sien, dis om die siekte dood te maak wat in jou liggaam is, *soveel* gif, *soveel* om daardie gif teen te werk. Te veel gif sal jou doodmaak, te veel teenmiddel sal jou nie help nie, die medisyne sal nie, dit moet 'n gebalanseerde formule wees.

80 En party medisynes van die dokter, hy kan dit gee, byvoorbeeld, soos penisillien, een van die groot ontdekkings wat . . . Hulle dink dis 'n ontdekking. Wel, toe ek in Suid-Afrika was, het ek 'n inboorling daar gesien, en wanneer hy sou . . . hulle 'n seer op hulle been kry, of *so-iets*, die seer oud word, kry hulle 'n ou lemoen, wat iewers onder die boom lê, wat muf is, en hulle vryf daardie lemoen daarin, doen dit al vir honderde en honderde jare, en hulle word gesond. Wat is dit? Penisillien, sekerlik.

81 So hulle dink hulle is slim, die Hottentot in Afrika het dit duisend jaar gelede al geweet. God het hom klaar gesê hoe om na homself om te sien, dan dink ons dis iets slim wat ons het. Nou, penisillien, partymaal sal 'n te sterk inspuiting 'n pasiënt doodmaak, en party van hulle help dit, daar's 'n vraag daar.

82 Hulle sê deesdae, natuurlik, nommer een moordenaar, sê hulle, is hartprobleme. Nee, ek verskil daarvan, nommer een moordenaar is nie hartprobleme nie, nommer een moordenaar is sondeprobleme, dis die moordenaar, dis die ding. Dis sonde, dis die moordenaar, nie hartprobleme nie.

83 Soveel mense sê: "Ek moet net sondig. Ek moet net rook." Vroue sê: "Ek moet net my hare sny. Ek—ek—ek kan nie enige ander klere kry nie, ek moet net aantrek wat hulle het." Weet julle wat is die probleem? Hulle maak verskonings, hulle het nog nie God se teengif probeer nie. As hulle dit ooit kry, sal hulle ingeënt wees teen sulke goed. Dis reg. (Verskoon my.) Ja, dis omdat hulle nog nie God se teengif probeer het nie, hulle weier om dit te neem.

84 Want as die Gees van God in jou is, lyn Dit op met God se Woord, en as dit die Woord van God ontken, dan is dit nie, het jy nog nie die regte inspuiting nie, dis al. Jy's nie ingeënt nie, sonde lê nogsteeds voor die deur, ongeloof in die Woord. So dit neem die teengif van God om sonde dood te maak, en sonde is die nommer een moordenaar. Ja, dit is. Dit maak dood, en dit maak tot die uiterste toe dood. So ons weet dat dit is 'n—dat dit is 'n. . . die sonde is wat doodmaak. So dis 'n teengif, die mense weier net om dit te neem, hulle hou nie daarvan nie, hulle hou nie van die gedagte van 'n nuwe geboorte nie.

85 Nou, ons weet dat enige geboorte 'n gemors is, Ek gee nie om of dit in 'n varkhok is òf of dit in 'n pienk-versierde hospitaalkamer is nie. Enige geboorte is 'n gemors, en die nuwe geboorte is niks minder nie, dis 'n gemors. Dis reg. Dit sal jou laat boe-hoe, en huil, en aangaan, asof jy in die grootste gemors was waarin jy al ooit was, maar dit sal jou help.

86 Jesus het gesê: "As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen." En die mense wil nie sterf nie, julle wil lewendig wees in die wêreld, en dan wil julle nogsteeds godsdienstig wees, so julle aanvaar 'n intellektuele begrip daarvan. En dan, wanneer julle dit doen, is julle steeds dood in sonde en oortredinge. En dis wat mense laat optree en maak soos wat hulle maak, want die gees wat in hulle is, oorheers hulle lewe.

87 Sê: "Wel, ander mense doen *dit*." Wel, jy's nie soos die ander mense nie, jy is dood, en jou lewe is verborge in God deur Christus en verseël deur die Heilige Gees. Sien, jy het nie die teengif probeer nie; dis net omdat die mense dit nie wil probeer nie.

88 Nou, jy moet sterf, jy moet verrot. Dis die probleem met mense, in plaas van om uit te roep by die altaar: kry een of ander

sensasie, spring op en skud hande met die prediker, gaan uit en kry een of ander soort leerstelling of geloofsbelydenis en sê dit op, en sê: "Ek behoort aan *So-en-so*. Ek behoort aan *So-en-so*."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek's *So-en-so*."

89 'n Christen is om soos Christus te wees, soos Christus is om die Woord te glo. En as jy nie die Woord glo nie, dan kan jy nie soos Christus wees nie. Hoe kan jy sê jy's 'n Christen en die helfte van die Woord ontken? As die Heilige Gees die Woord geskryf het, bevestig die Heilige Gees die Woord, en die Heilige Gees is die Woord. Die Woord wat in jou bly, bring God se beloftes na elke gelowige. Amen. Die woord beteken "laat dit so wees." Ek glo dit met my hele hart, dis die Woord van die lewende God. Amen.

90 Let op, ja, die nuwe geboorte, hulle wil nie sterf nie. Nou, hulle het 'n nuwe geboorte met iets vervang. As . . . die duiwel . . . as jy nie God se Woord wil neem nie, dan sal die duiwel vir jou sy woord gee. En dis waar die eerste menslike ra- . . . waar die menslike ras die eerste keer geval het, was om God se Woord te betwyfel.

91 Die beste manier wat God ooit Sy leër kon verskans, was om hulle met die beste te verskans. As ons volk . . . Ons het spioene in Engeland, Engeland het spioene hier, tog is ons vriende. Ons het spioene regoor die wêreld, en die wêreld het spioene hierbinne. Hulle hou dop, kyk watter nuwe tipe missiel, watter soort nuwe ding, dan gaan hulle terug na hulle volk toe, kry iets om dit teë te werk. Waarom? En hulle sal hulle manne aantrek, dinge gereed maak vir daardie soort oorlog. Dit gaan die heeltyd aan. Daar's 'n oorlog tussen die duiwel en God, was nog altyd.

92 En elke jaar kry hulle iets nuuts. Die ou vliegtuie wat hulle destyds daar gebruik het, die ou P-38s, en wat hulle ook al was, hulle het hulle geskrap, hulle het nou stralervliegtuie. Die ou Springfield is niks werd nie, hulle het nou 'n missielgeweer. Die ou betonbreker is so ver agter. Wel, selfs die ou treine, die ou stoomlokomotiewe, wat altyd die goed heen-en-weer oor die spore gesleep het, verouderd. Sekerlik, hulle het iets nuuts. Hulle soek altyd, na iets nuuts, iets nuuts. Nou, hulle probeer ondertoe grawe in die grond, 'n sekere manier vind om van die atoombom te ontsnap, iets nuuts, iets nuuts.

93 God het die heel beste gegee, aan die begin, vir Sy groot, magtige leër, en Hy hoef Dit nog nooit te verander het nie, want, soos ek gisteraand gesê het, Sy eerste besluit is die beste en enigste, Hy het Sy Woord vir Sy mense gegee.

94 En Satan het met hulle geredeneer, redenasies teen die Woord van God, dis wat die duiwel vandag doen. Hy probeer Dit beredeneer, deur te sê: "Nou, dit is net *redes* hoekom jy nie *hierdie* hoef te doen nie. Dis net *redelik*, ons het goeie dokters, ons het nie Goddelike genesing nodig nie. Dis net *redelik*, ons

het baie lidmate, ons het nie nodig—ons het nie die Heilige Gees, geen Heilige Gees nodig nie."

95 Hulle beredenaar dit, probeer sê die mense is verstandelik ontsteld, hulle is emosioneel, want, hulleself, hulle is dood in sonde en oortredinge en weet niks van die krag van God nie.

96 Herinner my aan 'n ongelowige wat eenkeer gehou het, gedebateer het, en hy het gesê: "Daar is glad nie so-iets soos God nie."

'n Ou plaasjapie, met 'n—'n oorpakbaadjie aan, sy hare wat in sy gesig gehang het, het nadergestap, begin om 'n appel af te skil.

Die ongelowige het gesê: "Outjie, wat wil jy hê?"

Hy het gesê: "Ek wil vir jou 'n vraag vra."

Gesê: "Wel, wat is dit?"

Hy het die appel se stronk uitgehaal, en 'n hap gevat, gesê: "Is daardie appel suur of soet?"

En die ongelowige het gesê: "Ek weet nie, want ek eet dit nie."

Hy het gesê: "Dis net wat ek gedink het." Dis—dis reg. En die mense het die ongelowige van die platvorm af gelag.

97 Waarom? Want hy het nog nooit geproe nie, hy het dit nog nooit probeer nie, hy het nog nooit die teengif geneem, halleluja, van die krag van God om jou in te ent teen alle ongeloof van God se Woord nie.

98 Die regte Heilige Gees sal elke sin beaam met 'n "Amen." Dit sal nie sê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so-iets soos *dit,* daar's nie so-iets soos *dat* nie. Wel, net *redelik*, gesê ons moet dit nie op *hierdie* manier doen nie, ons moet dit nie op *daardie* manier doen nie."

99 Wat God sê, die Heilige Gees het gesê: "Amen." Elke sin, elke Woord, elke vers in die Bybel is beaam met 'n "Amen." Ja, meneer.

100 Die nuwe geboorte bring 'n gemors, maar dit bring Lewe daarmee saam. Dis reg. 'n Plant, enigiets, 'n saad moet verrot om die nuwe lewe daaruit te bring. 'n Sondaar moet sterf en verrot aan sy eie idees. Sy eie lewe moet verrot, sodat die nuwe Lewe daaruit kan groei; dis 'n gemors, maar dis 'n wonderlike gemors, dit bring nuwe Lewe.

101 Dis wat die kerk vandag nodig het, maar hulle gaan daarby verby met leerstellings ensovoorts, om aan die gedagte te probeer ontsnap dat hulle moet sterf aan hulleself, hulle wil lewe vir hulleself. Hy wat vir homself lewe, lewe vir die . . . homself en die duiwel, hy wat homself verloën, sal sy lewe in Christus vind en hy sal 'n nuwe skepsel wees.

102 Nou, ons vind uit hoe hulle hierdie teengiwwe vind. Hulle neem hulle, soos ek gesê het, en hulle meng 'n formule, die

wetenskap doen dit, en gee dit vir 'n proefkonyn. Nou, almal is nie gemaak soos 'n proefkonyn nie, so dit sal sommige doodmaak, die ander help, ons weet dit.

103 Maar, julle weet toe daar 'n tyd was wat God nie 'n te goeie teengif gehad het nie, Sy teengif was met skape en bokke. Maar eenkeer sou God Sy teengif vervolmaak, so Hy het dit nooit vir 'n proefkonyn probeer gee nie, Hy het dit vir Homself gegee. Hy het Self die teengif geneem. Dis hoekom Christus, die Gesalfde, God vleesgeword het om die teengif in Sy Eie liggaam te kon inneem.

104 Enige goeie dokter sal die teengif op homself probeer, wanneer niemand anders dit wil doen nie. En daar was niemand anders wat dit kon doen behalwe God nie. So Hy het afgekom, Jehova, en het vleesgeword en onder ons gewoon en Self die teengif geneem.

105 By die Jordaan toe Hy daar gestaan het, het Johannes getuig, gesê: "Ek het die Gees van God soos 'n duif, sien neerdaal op Hom." En Hy het die teengif ontvang en die inenting teen sonde en die dood. Hy was gebore uit 'n vrou, en het die teengif ontvang, en hulle het Hom dopgehou om te sien wat sou gebeur. En hulle het Hom opgelet in Sy beproewing, hulle het Hom opgelet toe Hy voor 'n dispuut te staan gekom het, Hy het altyd aan die Vader se Woord vasgehou. [Leë kol op band—Red.]

106 "...?...jy weet God sal tog seker nooit so-iets doen nie," het hy met Eva geredeneer, maar toe hy teen Christus te staan gekom het, het hy 'n honderd-duisend-volt Draad getref, die vere het gewaai toe hy met sy redenasie gekom het, want Hy het hom reguit terug ontmoet met SO SPREEK DIE HERE.

Gesê: "As u die Seun van God is en u is honger, waarom verander u nie hierdie klippe in brood en eet nie?" Redenasie. "U kan dit doen."

Natuurlik kon Hy, maar Hy het teruggekom: "Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord, wat uit die mond van God uitgaan.'"

107 Hulle het Hom dopgehou, hulle het gesien die teengif hou vir elke geval. Toe dit tyd geword het, die dood in die gesig gestaar het, het die teengif gehou. Toe hulle in Sy gesig gespoeg het, Hom bespot het, het die teengif gehou.

108 Daar is om te vertrou of jy die teengif het of nie, dis jou toets. Iemand sê iets van jou en sê: "Jy's ou holy-roller..." Wel, jy hou op kerk toe gaan, dan sê jy jy's ingeënt, sê jy het die teengif, die balsem ontvang.

109 "Is daar geen balsem in Gílead nie; is daar geen geneesheer daar nie? As daar is, waarom word die dogter dan...?" Onthou, nie die moeder nie, hy het van haar geskei, maar die dogter is *hierdie* Kerk, daardie profesie het betrekking *hierop*. "Waarom word die dogter van My volk, is sy nog nie gesond gemaak nie?"

110 Hier is sy bloedarmoedig vanaand, dis reg, halfpad *sus* en halfpad *so*, en heeltemal verstrengel, en allerhande ordes en al die res, en verdeeld in broederskap, oral verstrooi, die helfte glo *dit*, en die helfte wat geloofsbelydenis glo, en die helfte wat denominasie glo, helfte wat *dit* en *dat* glo. Wel, goedheid, haar gesondheid behoort blakend te wees, rooi-wange, met die Woord van God en die krag van Sy opstanding!

111 "Wat makeer die dogter van My volk dan? Waar is My dogter? Ek stuur My tekens onder hulle soos daardie, en hulle staan net op en loop uit. Wat makeer die dogter van My volk?" wanneer dit verduidelik en bewys word deur die Woord. En die Bybel het gesê as die . . . om altyd die Woord te glo. Die Woord word bevestig, dan kan jy Dit nie betwyfel nie, maar jy redeneer, laat Satan jou in jou verstand vertel.

112 Gisteraand, toe jy jou hand opgesteek het dat jy 'n sondaar was, en nie as 'n sondaar wou sterf nie, en ek jou na die platvorm toe geroep het, omgedraai en uitgeloop het. Wat makeer? Jy laat Satan redeneer: "Jy gaan jou werk verloor." Ek sal liewer my werk verloor as om my Lewe te verloor. "Jou vrou sal jou verlaat." Ek sal liewer 'n vrou verloor as om my Christus te verloor. "Jou man of jou—jou bure sal jou bespot." Ek sal liewer dat my bure my bespot en reg wees met God.

113 Maar, jy sien, jy luister na redenasies, dis reg, jy's net . . . jy het soveel vals goed gehad. Besef jy nie, vriend, dat elke keer wat 'n vals ding, verklaar dat daar 'n egte een is nie? Dis verseker.

114 Let op, God het Sy teengif vir Homself gegee, hulle het dit dopgehou. In die tyd toe hulle 'n lap oor Sy gesig gesit het, sou Hy . . . kon die gedagtes onderskei in die mense se hart, en hulle het 'n lap oor Sy gesig gesit, en Hom op die kop geslaan met 'n stok, en gesê: "Nou, as u 'n profeet is, sê vir ons wie u geslaan het, en ons sal u glo," maar die teengif het gehou. Amen. Hy het nie saamgespeel nie.

115 Dis wat fout is met die wêreld vandag, hulle wil gekskeerdery hê. Dis wat fout is met hierdie Weskus, julle het te veel Hollywood daarin, julle het te veel glans. Die Heilige Gees blink nie, die Heilige Gees gloei. Daar's 'n verskil tussen gloei en blink. Die kerk blink met sy groot program, maar die Heilige Gees gloei in nederigheid, beskeidenheid, onderdanig aan die Woord, die Woord te glo.

116 Die ou heilige, wat in 'n kerk gesit het, het eenkeer . . . 'n Paar weke gelede was ek veronderstel om in 'n Chicagodiens te gewees het, en 'n groot prediker daar het gesê: "Ons kan nie vir Broer Branham hê nie, as gevolg van sy doktrine." En ek preek geen Doktrine onder hulle nie, maar hy wou dit net sê.

117 En hy het een of ander baie belangrike kêrel gekry van 'n groot instituut daar. En hy het aangestap gekom, sy bors, met genoeg papiere daar uitgelê wat gelyk het asof hy enigiets

daarmee kon doen, opgestap met sy bors uit, dit oopgeslaan, hierdie groot boek, met 'n intellektuele toespraak. Goeiste, dit was wonderlik, sy intellektuele toespraak, maar daar was geen Gees daarin nie!

118 Naderhand het hy gesien dit het nie gewerk vir God se mense nie, net soos Saul wat Sy kerkbaadjie vir Dawid probeer aantrek het, 'n man van God, dit het hom nie gepas nie. En 'n intellektuele boodskap pas nie 'n Gees-vervulde Kerk nie, hulle moet die krag van die Heilige Gees en die manifestasie hê. Jesus het gesê: "Vir hulle sal hierdie tekens volg," hulle moet dit hê.

119 En toe het die man uitgevind dit het nie gewerk vir die Pinkstermense nie, hy het sy boeke opgevou en afgekom met sy kop onderstebo. 'n Ou gelowige wat daar gesit het in die hoek, het my later vertel, gesê: "As hy opgegaan het soos hy afgekom het, sou hy afgekom het soos hy opgegaan het." So dis omtrent soos dit vandag is.

120 Wat ons nodig het, is terug na die Heilige Gees, terug na die Bybel, terug na die krag van die opstanding van Jesus Christus, en nie al hierdie redenasies hier, en intellektuele, ensovoorts nie, beslis nie.

121 Hulle het gevind dat dit gehou het, dit het gehou in die uur van die dood, dit het gehou in die uur van Getsémane, dit het gehou in al daardie dinge, toe het Hy gesterf. Hy het gesterf, soos ek gisteraand gesê het, tot alles, verklaar het dat Hy dood was. Die maan, son, en sterre, die aarde, die aardbewings, alles het bewys dat Hy dood was; die son het ondergegaan in die middel van die dag.

Die Romeinse soldaat het gesê: "Dit was waarlik die Seun van God."

Judas het gesê: "Ek het onskuldige Bloed verraai."

Pilatus het gesê: "Gee vir my 'n bietjie water, laat ek my hande was. Ek sal niks daarmee te doen hê nie."

122 Hy het gesterf, en Hy het gegaan met daardie inenting, maar dit was 'n inenting van Ewige Lewe, op die derde dag het dit steeds gehou. Na die profesieë van God vervul is, het Hy opgestaan op die derde dag lewendig, die Kerk het dit gesien en gejuig.

"Nou," het Hy gesê: "moet julle ook ingeënt word, maar ek wil hê julle moet *daar* opgaan en wag tot julle julle inenting kry."

123 Dis wat fout is met die mense vandag, hulle het nie opgegaan en gewag vir hulle inenting nie. Hulle het na die kweekskool toe gegaan en hulle B.A. gekry, in plaas van om te gaan vir inenting, gaan op en 'n bietjie van die Balsem van Giléad ingespuit kry in die are van hulle siel. Dis reg.

124 Hulle het daar opgegaan op die Dag van Pinkster, hulle was almal saam vergader. Hulle het geglo Hy het opgestaan uit die

dood, hulle het met Hom gepraat, en Hy het belowe Hy sal baie van daardie inenting afstuur. En terwyl hulle almal saam vergader was, het die Balsem op hulle begin val, en verdeelde Tonge het op hulle gesit soos van vuur. Hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en het buitentoe gehardloop, begin praat in tale soos die Gees hulle uiting gegee het.

125 Daar was 'n man wat, 'n paar dae vantevore, vir Jesus ontken het, wat op 'n seepkis, of 'n stomp gestaan, en gesê het: "Joodse manne, en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet en luister na my woorde: Hierdie mense is tog nie dronk, soos julle dink nie, want dit is maar nog die derde uur in die môre. Maar dit is daardie inenting wat moes kom, waarmee Hy sou inent teen sonde, teen siekte, teen die dood, teen die graf, tot Ewige Lewe."

Hulle het gesien dit het op Jesus gewerk toe hulle in hulle harte getref is, en hulle het vir hulle gesê: "Manne en broeders, wat kan ons doen?"

126 Nou, hulle het 'n dokter daar gehad, sy naam was Dr. Simon Petrus. Hulle het 'n geneesheer gehad, en hulle het baie inentings gehad, dit bewys, hulle was almal dronk daarvan. Hulle het dit regtig ontvang op 'n groot skaal.

127 En hulle het vir Dr. Simon Petrus daar gehad, hy het gesê: "Nou, wag net 'n bietjie, as julle wil weet hoe om ingeënt te word, gaan ek vir julle 'n voorskrif gee. En julle moenie daarmee lol nie, hou julle dit net, want dit kom julle toe, en julle kinders, en almal wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.

128 "Ek gaan vir julle 'n Ewige voorskrif gee vir die inenting. As julle hierdie Balsem wil ontvang, hierdie Balsem van Giléad, hierdie inenting teen sonde en die dood, ontvang julle hierdie voorskrif." Enige goeie dokter wat sy medisyne afmeet, meet dit korrek af. Ek sal vir jou sê, broer, hy het hulle toe vertel, hy het gesê. . .

129 Nou, vandag het hulle die voorskrif vervang met ander dinge, hulle probeer sê: "Skud hande. Besprinkel 'n bietjie," of so-iets soos daardie, maar Petrus het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal ingeënt word. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Sekerlik.

130 As 'n dokter 'n voorskrif uitskryf. . . Wat makeer vandag? As daardie dokter 'n voorskrif uitskryf vir daardie siekte, moes dit wees 'n Ewige. . . Hoe ver? "Julle kinders." Hulle sê dit het geëindig by die apostels, dit het nie. Die dokter, Simon Petrus, het gesê: "Dis kom julle toe, en julle kinders, en almal wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Hierdie is hulle inenting.

131 Wat makeer dan? Ons sien in ons kerke, gesnyde-haar vroue, wat kortbroek, verwe, grimering dra, ons sien mans met

wensbeentjies in plaas van ruggrate, ons sien predikers op die preekstoel met nie genoeg krag om—om 'n eier te breek nie, en hulleself dan predikers noem. Die ding daarvan is, broer, hulle het nie die inenting ontvang nie, dit is al wat dit is.

132 Julle weet, jy 'n dokter se formule neem, en jy begin daarmee peuter, sal jy die pasiënt doodmaak. Dis reg. Maar wat ons probleem is, is een of ander kwak-apteker van een of ander kweekskool wat hierdie formule probeer meng het met hande skud, en 'n klomp ander gemors. Dis hoekom hulle 'n dooie kerk het wat ons vandag het. Dis doodgemaak omdat hulle nie die formule van die voorskrif gevolg het nie.

Sê: "Dit maak geen verskil nie."

133 Paulus het gesê dit het, hy het gesê: "As 'n Engel uit die Hemel enige ander evangelie vir julle verkondig, laat hom vervloek wees." Het dooie kerklidmate omdat hulle probeer lol met daardie voorskrif, hande skud, besprinkel, allerhande ander vorms, en alles. Volg presies wat die voorskrif sê. As jy van die teengif uithaal, sal jy die pasiënt doodmaak, as jy te veel teengif insit, sal die doodmaakmiddel daarin, nie die siekte doodmaak nie, drink dit net soos dit geskryf is. Amen. Hallelluja! Ek glo dis die waarheid met my hele hart. Sekerlik.

134 "Is daar geen balsem in Giléad nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom is die dogter van My volk dan in die bloedarmoedige toestand, wat vanaand is?" Waarom is dit, dat die Kerk in die toestand is wat Dit vanaand is? Omdat hulle gelol het met die voorskrif. Ja, daar is Balsem in Giléad. Halleluja! Daar is 'n Balsem daar. Christus is daar. Hier is die Balsem. Word ingespuit met Sy Lewe.

135 Hy is nou hier, Hy beweeg onder ons. Ons sien Hom werk, wat tekens en wonders onder ons doen. Daar is 'n Balsem in Giléad, en daar is dokters hier. Amen. Ons het dokters. Wat makeer dan? Dis julle pasiënte wat nie wil opkom en die feit daarvan wil trotseer, en die formule wil volg nie.

136 Miskien het ek genoeg gesê. Mag die Heilige Gees die res daarvan sê. "Is daar geen balsem in Giléad nie? Is daar geen geneesheer daar nie? Waarom is My Kerk dan in die toestand wat Dit is vanaand?" Daar's êrens iets verkeerd. Dis reg. Ek dink ons het 'n klomp leerstellings geneem in plaas van om die voorskrif te neem, kwak-kweekskole wat kwak-voorskrifte uitgee wat teenstrydig is met die oorspronklike voorskrif.

137 Gaan terug, dis hoe om dit te kry, dis die Ewige voorskrif, nie 'n hand te skud, en 'n. . . 'n geloofsbelydenis op te sê, en 'n ding soos *hierdie* nie. "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop," het hy gesê: "in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar

ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep," uit alle nasies, alle tye, van alle plekke, oral.

138 "Is daar geen balsem in Giléad nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" Daar is baie Balsem hier, daar's baie teengif, dis voor julle. Ja. Wat makeer? Dis omdat die mense nie die voorskrif wil ontvang nie, hulle het dokters hier wat dit kan uitskryf, dis alreeds uitgeskryf. Jy hoef dit nie meer uit te skryf nie, dis alreeds uitgeskryf, sê net wat alreeds uitgeskryf is, neem dit dan net so.

139 Nie 'n klein verwyfde handdrukkie nie, 'n klein, sê: "Ek sal die geloofsbelydenis opsê, die Apostoliese Geloofsbelydenis, nie. Ek sal 'n 'Ave, Maria' sê elke nou en dan, 'n kers brand nie.'" Onsin, bekeer of vergaan. Nie: "Ek sal glo, en aanvaar en glo," nie. Die duiwel glo ook, dit maak jou nie gered nie. Maar jy moet wedergebore word. As jy wedergebore is, is jy gebore uit die Woord, want Hy is die Woord en die Woord is in jou, en Dit beaam elke sin met 'n "Amen." Amen.

Kom ons bid.

140 Hemelse Vader, daar is Balsem in Giléad, ek's so dankbaar Daarvoor. Ek's so dankbaar daar's geneeshere wat nie daardie voorskrif sal meng vir niks nie, nie om lidmate in die kerk te kry nie, maar om kinders van God te kry, hulle bly daarby. Nie 'n koue formele handdruk, 'n geloofsbelydenis of iets nie, maar 'n egte voorskrif, uitgeskryf deur God die Vader, Self, en gegee as 'n Ewige voorskrif. Vader God, hy het gesê dit het hulle kinders toegekom, en hulle wat daar ver is, die Heidene, selfs soveel soos wat die Here onse God sal roep, sal die Heilige Gees ontvang. Hier is ons in die Aandligte vanaand.

141 Daar reg in die begin, voor die wêreld geskape was, het U in U gedagtes gehad, en toe was dit 'n gedagte, toe is dit uitgedruk, en toe het die uitdrukkng werklikheid geword. En nou, God, het U ons name op die Lam se Boek van die Lewe geplaas voor die grondlegging van die wêreld.

142 En, Vader God, ek bid vanaand, as daar enige van daardie Saad hier lê, in hierdie kerk vanaand, ek's geen Regter nie, U is, ek is net verantwoordelik om U Woord te preek, maar as daar enige van daardie Saad hier is vanaand, Here, en ek glo daardie Lig Daaroor flits, moet Dit begin Lewe. Dit sal Dit sien so seker soos die wêreld, want Dit is voorbestem om Dit te sien, Dit moet Dit sien.

143 Here, U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie trek nie. Almal wat die Vader My gegee het, sal kom." Here, is hulle, wat vir U gegee is, vanaand hier? Indien so, bid ek dat hulle die Lig sal sien en Daarin sal wandel, bekeer van hulle sonde. Skenk dit, Here.

144 Nie 'n plaasvervanger sal aanvaar en sien in hulle lewens nie, baie van hierdie mense wat bely dat hulle dit ontvang het, en kyk wat doen hulle, en kyk hoe tree hulle op, en ignoreer die

Woord, en loop weg en sê die dae van wonderwerke is verby. Ons vroue begin formeel raak soos die res van die wêreld. God, ek was jaloers oor hulle. Ek—ek bid dat U iets vir hulle sal doen. Skenk dit, Here.

145 O, kom terug na Golgota, die mense, kom terug na die voorskrif, kom terug en bekeer en sterf uit aan jouself, en word gered en gevul met die Heilige Gees.

146 Terwyl ons ons hoofde gebuig, en ons harte gebuig, ons innerlike wese gebuig is, en die Woord van God voor ons lê, sal julle gebed verlang? Ek gaan julle net vra om julle hande op te steek. Sê net: "Ek steek my hand op." God seën jou. God seën jou. Goed.

147 Nou, mense, ek's nie krities nie, maar ek's . . . die Heilige Gees is op my, en ek wil dit sê: Ek's nie een van hierdie predikers hier wat rondgaan, wil . . . Mense wil vandag vermaak word, hulle wil 'n pennieballon hê: "Staan nou op. Volgende stap, doen *dit,* volgende stap doen *dat*."

148 Ek het net een stap, dis bekeer, en die volgende is word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van julle sondes, dan die volgende ding, het God gesê: "Ek sal jou die Heilige Gees gee." Dis die drie stappe wat ek weet om te volg. Ek het geen pennieballonne, of geen goue spelde om te gee om Sondagskool by te woon nie, ek het die Evangelie. Dis die krag van God tot verlossing vir elkeen wat glo.

149 Nou, as jy 'n geharde Christen is, as jy 'n ware dienskneg van Christus is, het ek, vanaand, seëninge vir die mense, ek het 'n gawe wat onder die mense sal werk, wat 'n bevestiging is dat ek julle die waarheid vertel het. Dink julle dat God die Vader, ooit 'n skynheilige of 'n—'n—'n vals boodskap sou afstuur, en dan omdraai en daardie boodskap bevestig? Dis nie ons God nie. Ons God is suiwer, onvervals, en heilig. Hy het niks te doen met foute nie. Hy is Waarheid, en Hy bly by Sy Woord, Hy is die Woord.

150 Nou, laat die siekes hiernatoe kyk en glo. Ek's nie 'n geneser nie, ek's julle broer. Glo julle, kyk of die inenting reg is, kyk of wat Hy gesê het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen," Johannes 14:12.

151 Hierdie dame wat hier in die voorste ry sit, wedevrou, wat vir haar seun bid. Glo jy dat God die versoek vir jou sal toestaan? 'n Alkoholis, drink. Glo jy God sal daarvoor sorg? Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Jy het nie een nodig nie. As jy met jou hele hart sal glo, sal dit hom verlaat.

Nou, ek ken nie daardie vrou nie, het haar nog nooit gesien nie, maar God ken haar. Reg. God is God. Amen.

152 Daardie vrou wat daar reg agter sit, wat bid vir haar man, rooi kolletjiesrok aan. As sy met haar hele hart sal glo, sal God

die versoek vir haar toestaan, as sy dit net absoluut sal glo. God seën jou.

153 Ek ken nie die vrou nie. Sy het nie 'n gebedskaartjie nodig nie. Jy, het jy een? Jy het nie. Jy het 'n gebedskaartjie. Jy het een? Wel, jy hoef dit nie te gebruik nie, jy hoef nie in die ry te kom nie. Moet net nie twyfel wat jy gesê het nie. . . wat vir jou gesê is as die waarheid nie, en jy kan kry wat jy gesê het. Amen.

154 Amen. O, ek's so bly oor die inenting teen ongeloof! Wat is sonde? Ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel," kan nie eers by die eerste bof kom nie. Jy's heeltemal uit die wedstryd uit, uitgemaak voor jy nog by die bofplaat gekom het. Jy moet elke Woord van God glo. Jesus het gesê: "Die werke wat Ek doen. . . As My. . . " As God se Gees in jou woon, sal Dit nie dieselfde Lewe voortbring wat in Hom was nie? Dit sal beslis.

155 Vroutjie wat daar sit met daardie probleem met haar bors, as sy sal glo, sal God haar gesond maak. Glo jy dit, Dame? Jy glo? Jy het nie 'n gebedskaartjie nie? Jy het nie een nodig, as jy dit sal glo nie. Daardie swelsel sal sak, jy sal normaal en gesond wees. Sal jy dit glo? Goed.

156 Hier sit 'n vrou, wat hier met haar geboë hoof, sit en bid. Die vrou gaan sterf as God haar nie help nie. Sy's nie van hier nie. Jy het meer geloof gehad as wat jy gedink het jy het. Jy's van onder naby Santa Anna. Het kanker, sit in 'n ry-. . . daar is op jou geopereer daarvoor. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie. Jy het nie een nodig nie. Het kanker, dit het teruggekom. God sal jou genees.

157 Luister, iemand het jou vanaand hiernatoe gebring, wat gisteraand hier was en genoeg geloof gehad het om uitgeroep te word uit die ry en genees te word van hartprobleme, dis SO SPREEK DIE HERE. Hoer's nog iets wat ek sien, jy is 'n vrouepredikker. Dis reg. Nou, as jy God glo en nie in jou hart twyfel nie, sal jy voortgaan met jou boodskap. Ja. Glo jy net.

158 As ek in jou plek was, glo ek, sou ek opstaan uit daardie stoel, en uit hierdie gebou uitstap, en God neem. . . Jy gaan sterf as jy daar bly sit, so ek sou uit daardie stoel uitkom, en gaan met geloof in God, en gaan gesond word. Jy gaan sterf as jy daar bly sit, die dokters kan niks vir jou doen nie, hulle het klaar probeer.

159 Soos die melaatse gesê het wat by die poort gesit het: "Waarom sit ons hier tot ons sterf?" As hulle in die stad ingaan, by Samaria het hulle al klaar doodgegaan van die honger, mekaar se kinders geëet, as hulle daar bly sit het, het hulle gesterf, hulle moes afgaan na die vyand se kamp toe. En hulle het daardie kans gevat.

160 Jy hoef nie daardie kans te vat nie, jy word nie uitgenooi na 'n vyand se kamp toe nie, jy word uitgenooi na die Troon van jou Vader wat verwag dat jy kom vanaand. As jy genoeg geloof het om die soom van Jesus Christus se kleed aan te raak, dat Hy my

stem sou gebruik om terug te praat met jou, hê dan nie. . . hou daardie geloof en stap hier uit en word genees, as jy sal glo. Sal jy? Amen.

161 Ek daag elke persoon hierbinne uit om die inenting te glo. Glo julle dit? Glo almal van julle dit? Staan dan op julle voete en ontvang julle genesing, in die Naam van Jesus Christus. (Kom op, Broer.) Dis reg. O, amen!

Vat jou stoel en stoot dit huis toe.

Daar is sy, op uit die stoel, wat gaan vir die Koninkryk van God. Glo julle? Glorie!

162 Nou, sien julle nie Hy is hier nie? Die inenting, die Balsem is hier. Glorie aan God! Glo dit vriende, moenie bang wees om Hom te vertrou nie. Halleluja! Waar's julle geloof?

163 Jy voel anders, nie waar nie, Suster? Jy kan nou jou ou rolstoel neem en huis toe gaan en gesond wees. Neem. . . Moenie twyfel nie, moenie twyfel nie, hou net dieselfde geloof wat jy het. As jy genoeg het. . . Jy weet 'n vrou het Sy kleed aangeraak, wel, jy het dieselfde ding gedoen, gaan dan en glo.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys.
Die Lam prys vir sondaars geslag;

Kom ons sing dit, almal, steek ons hande op.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, gee Hom glorie julle almal,
Want Sy Bloed het weggewas elke. . .

Goed, julle almal wat julle hande opgesteek het vir verlossing, kom nou vorentoe terwyl ons dit weer sing.

Ek sal Hom prys. . .

Kom nou reguit op.

. . . ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, gee Hom glorie julle almal,
Want Sy Bloed het weggewas elke. . .

164 Het jy nog nooit die voorskrif geneem nie? Is jy nog nooit ingeënt nie, het nog nooit die voorskrif probeer nie, is nog nooit gevul met die Heilige Gees nie? Waarom kom jy nie nou nie? Hierdie is dit. God bevestig dat Hy hier is. Daar is Balsem in Giléad, daar is Balsem, daar is geneeshere. Waarom kom jy nie terwyl ons dit weer sing nie?

Ek sal Hom prys, ek. . .

As jy die Heilige Gees wil hê, kom op.

Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, gee. . .

165 Here Jesus, skenk hierdie versoeke. Maak hulle gesond in Jesus' Naam. Amen.

. . . almal,
Want Sy Bloed het weggewas elke . . .

Kom op, elkeen kom net reguit op, julle almal wat Christus nodig het.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, gee Hom glorie julle almal,
Want Sy Bloed het weggewas . . .

166 Kom op, die water word geroer. Kom in, almal, terwyl julle kan. Terwyl die water geroer word, kom op.

Ek sal Hom prys, ek sal prys . . .

As jy God nodig het, kom op.

. . . die Lam vir sondaars geslag;
O, gee Hom glorie julle almal,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
Gee . . . almal,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaar . . .

Sal julle nie nou kom, voor dit te laat is nie?

O, gee Hom glorie julle almal,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal Hom prys, ek sal prys . . . (Hom aanraak—aanraak.),
Die Lam prys vir sondaars geslag;
Gee Hom glorie, julle almal,
Want Sy Bloed het weggewas elke . . .

Kom ons steek nou ons hande op en prys Hom.

Ek sal Hom prys . . .

62-0622E Waarom?
Groot Westerse Uitstalling Sentrum
South Gate, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org